Plak asseblief die strepieskode-etiket hier	PUNTE-TOTAAL

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

AARDRYKSKUNDE: VRAESTEL II

EKSAMENNOMMER

Tyd: 1½ uur 100 punte




LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye, 'n uittreksel uit 'n topografiese kaart, 'n lugfoto en 'n toerustingblad. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Skryf jou eksamennommer in die gegewe blokkies hierbo.
3. Lees die vrae noukeurig deur.
4. **Beantwoord AL die vrae op die vraestel in die spasie wat daarvoor gelaat is.**
5. Bestudeer die uittreksel uit die 1:50 000 topografiese kaart 3418BB SOMERSET WES en 3419AA GRABOUW en die lugfoto voordat jy die vrae beantwoord. **Die konvensionele kaartsimbole is nie op die uitreksel uit die kaart nie maar is op bladsy 2 ingesluit.**
6. Die uittreksel uit die topografiese kaart het ruitlyne wat A tot F en 1 tot 11 gemerk is en wat gebruik kan word om plekke volgens die ruitverwysing te identifiseer.
7. Die voltooide vraestel moet aan die einde van die eksamen aan die toesighouer oorhandig word. Die uittreksel uit die topografiese kaart en die lugfoto mag deur die skool behou word vir toekomstige gebruik.
8. Die toerustingblad mag gebruik word in plaas van 'n liniaal en 'n gradeboog wat nie na die eksamenlokaal gebring is nie. Dit mag ook vir rofwerk gebruik word. Op die blad is daar 'n merk wat aandui waar dit gevou moet word. 'n Vergrootglas en 'n sakrekenaar mag gebruik word.
9. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
10. Twee blanko bladsye (bladsye 23 en 24) is aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n antwoord het, gebruik hierdie bladsy. Dui die nommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

SLEGS VIR NASIENERS SE GEBRUIK

Vraag	1	2	3	4	Totaal
Punte	25	25	25	25	100
Punte behaal					

IEB Copyright © 2024

Topographic map symbols		**Topografiesekaartsimbole**
National Freeway; National Route		Nasionale Deurpad; Nasionale Roete
Arterial Route		Hoofverkeersroete
Main Road		Hoofpad
Secondary Road; Benchmark		Sekondêre Pad; Hoogtemerk
Other Road; Bridge		Ander Pad; Brug
Track and Hiking Trail		Dowwe Pad en Voetslaanpad
Railway; Station or Siding		Spoorweg; Stasie of Sylyn
Other Railway; Tunnel		Ander Spoorweg; Tonnel
Embankment; Cutting		Opvulling; Deurgrawing
Power Line		Kraglyn
Built-up Area (High, Low Density)		Beboude Gebied (Hoë, Lae Digtheid)
Buildings; Ruin		Geboue: Murasie
Post Office; Police Station; Store		Poskantoor; Polisiestasie; Winkel
Place of Worship; School; Hotel		Plek van Aanbidding; Skool; Hotel
Fence; Wall		Draadheining; Muur
Windpump; Monument		Windpomp; Monument
Communication Tower		Kommunikasietoring
Wind Turbine; Wind Farm		Windturbine; Windplaas
Satellite Antenna; Solar Panel Array		Satellietantenna; Sonkragplaas
Trigonometrical Station; Marine Beacon		Peilbaken; Seevaartbaken
Lighthouse and Marine Light		Vuurtoring en Seevaartlig
Cemetery; Grave		Begraafplaas; Graf
International Boundary and Beacon		Internasionale Grens en Baken
Provincial Boundary		Provinsiale Grens
Protected Area		Bewaringsgebied
Perennial River		Standhoudende Rivier
Perennial Water		Standhoudende Water
Non-perennial River		Nie-standhoudende Rivier
Non-perennial Water		Nie-standhoudende Water
Dry Water Course		Droë Loop
Dry Pan		Droë Pan
Marsh and Vlei		Moeras en Vlei
Pipeline (above ground)		Pyplyn (bo die grond)
Water Tower; Reservoir; Water Point		Watertoring; Reservoir; Waterpunt
Coastal Rocks		Kuslynrotse
Prominent Rock Outcrop		Prominente Klipbank
Erosion; Sand		Erosie; Sand
Woodland		Beboste Gebied
Cultivated Land		Bewerkte Land
Orchard or Vineyard		Boord of Wingerd
Recreation Ground		Ontspanningsterrein
Row of Trees		Ry Bome
Mine Dump; Excavation		Mynhoop; Uitgrawing

IEB Copyright © 2024

VRAAG 1 KAARTVAARDIGHEDE EN MIKROKLIMAAT

Figuur 1: Liggingskaart en Feitelêer



- Grabouw is in die Elginvallei geleë en lê omtrent 'n uur (65 km) SO van Kaapstad.
- Dit is hoofsaaklik 'n landbougebied wat welbekend is vir sy appels en pere.
- Hierdie gebied het verder uitgebrei en produseer nou ook kanola sowel as druiwe.
- Jaarliks is dit deel van The Festival of Yellow, wanneer die kanolavelde gevier word.
- Dit is ook 'n gerespekteerde wynstreek met baie vername wynplase.
- Grabouw / Elgin is naby 'n UNESCO gebied waar daar baie voorbeelde van unieke spesies bergfynbos is wat endemies aan Suid-Afrika is.
- Hierdie gebied het die afgelope klompie jare baie gewild geraak onder bergfietsryers weens die uitstekende roetes wat dit vir hulle bied.

[Bron: <https://www.sahistory.org.za/place/grabouw> adapted]

1.1 Verwys na die liggingskaart hierbo en **merk** die korrekte antwoord.

1.1.1 Grabouw is in die … provinsie geleë.

Noord-Kaap	
Oos-Kaap	
Suid-Kaap	
Wes-Kaap	

(1)

1.1.2 Die skaal van die lugfoto is … as die topografiese kaart.

vyf keer groter	
vyf keer kleiner	
tien keer groter	
tien keer kleiner	

(1)

IEB Copyright © 2024

1.1.3 Die kaartsimbole rondom Grabouw dui daarop dat daar in hierdie gebied hoofsaaklik … is

primêre aktiwiteite	
sekondêre aktiwiteite	
tersiêre aktiwiteite	
kwaternêre aktiwiteite	

(1)

1.1.4 Die gemiddelde magnetiese deklinasie vir 2024 is

26º 08' Wes van Ware Noord.	
26º 11' Wes van Ware Noord.	
26º 19' Wes van Ware Noord.	
26º 27' Wes van Ware Noord.	

(1)

Berekeninge:

1.1.5 Die plantasie Noord van die spoorlyn in Grabouw is geleë op …

'n noordgerigte helling.	
'n suidgerigte helling.	
gelyke grond.	
'n valleivloer.	

(1)

1.1.6 Die ruitverwysing van driehoeksbaken 184 op Hans se Kop (B1 / B2) is …

34º 07' 10" S 18º 57' 00" O.	
18º 58' 00" S 34º 06' 08" O.	
34º 06' 08" S 18º 58' 00" O.	
18º 57' 00" S 34º 07' 10" O.	

(1)

IEB Copyright © 2024

1.2 Bestudeer Foto 1 hieronder en die topografiese kaart 3418BB Somerset West en 3419AA Grabouw.

Foto 1



[Bron: Eksaminator se foto]

(a) Die letters C, D, E en F is op die topografiese kaart gemerk. Die foto hierbo was geneem by die padkruising vanaf:

Punt C, in 'n NNO rigting	
Punt D, in 'n NO rigting	
Punt E, in 'n NW rigting	
Punt F, in 'n SO rigting	

(2)

(b) Die foto is 'n … foto.


hoëhoekskuins-	
laehoekskuins-	
vertikale	
horisontale	

(1)

IEB Copyright © 2024

1.3 Verwys na die foto hieronder wat geneem was vanaf Werda van Hans se Kop (B1 / B2) in D3.

Foto 2



[Bron: Eksaminator se foto]

1.3.1 Bepaal die peiling vanaf Werda (D3) na driehoeksbaken 184 op Hans se Kop (B1 / B2).

_____

(2)

1.3.2 Gee die rigting van Driehoeksbaken (Peilbaken) 184 vanaf Werda.

_____

(1)

1.3.3 Identifiseer die mensgemaakte konstruksies by B op die foto.

_____

(1)

1.3.4 Teken die simbool wat gebruik is op die topografiese kaart om hierdie mensgemaakte konstruksies voor te stel.

(1)

IEB Copyright © 2024

1.3.5 Evalueer waarom Hans se Kop die beste standplaas was om hierdie konstruksies te bou.

_____

_____

(2)

1.3.6 Verduidelik hoe GIS bufferskepping gebruik kan word om die ligging van sulke konstruksies te bepaal.

_____

_____

(2)

1.3.7 Is Hans se Kop sigbaar vanaf die N2 soos jy Grabouw (punt C op die topografiese kaart, in blok E3) binnegaan?

Merk die korrekte antwoord:

Ja	
Nee	

(1)

1.4 'n Groep bergfietsryers het vanaf punt A (D1) weggespring en het met die ander pad in 'n noordelike rigting gery na Hans se Kop (B1 / B2).

1.4.1 Bereken die afstand wat hulle afgelê het op die ander pad vanaf die punt waar die pad gevurk het by A tot by die piek in B1 / B2.

_____

(2)

Berekeninge:

1.4.2 Bereken die verskil in hoogte tussen hierdie twee punte.

_____

(1)

Berekeninge:

IEB Copyright © 2024

1.4.3 Bereken die gemiddelde gradiënt waarteen die fietsryers gery het

1:_____

(2)

Berekeninge:

Toe die fietsryers weggetrek, het hulle opgemerk dat dit 6ºC in Grabouw was, en dat hulle deur 'n digte misbank omring was.

Foto 3



[Bron: <https://www.bicycling.co.za/news-people/wow-rides-hans-se-kop-grabouw-trails/>]

1.4.4 Die korrekte naam vir hierdie mis is …

adveksie mis.	
frontale mis.	
kusmis.	
stralingsmis.	


(1)
[25]

V1 subtotaal

VRAAG 2 KLIMAAT, KAARTVAARDIGHEDE EN FLUVIALE GEOMORFOLOGIE

Verwys na die grafiek om die vrae hieronder te beantwoord.

Figuur 2: Klimaatgrafiek vir Grabouw



[Bron: <Climate-Data.org>]

2.1 2.1.1 Die klimaat van Grabouw word die beste beskryf as:

Mediterreens	
Woestyn	
Subtropies	

(1)

2.1.2 Reënval in Grabouw is oor die algeneem:

Hoog	
Laag	

(1)

2.1.3 Jaarlikse temperature is in die algemeen:

Hoog	
Laag	

(1)

2.1.4 Gee bewyse vanaf die kaart om te bevestig dat reënval *hoog / laag is* in hierdie gebied.


_____

_____

(2)

2.2 Verwys na die skertskaart hieronder wat strek oor blokke A en B, 7 tot 10 op die topografiese kaart.

Figuur 3: Sketskaart van die riviere op Groenlandberg



Stroomroof het plaasgevind in die gebied rondom punthoogte 833 in blok B8. Rivier U het altyd in rivier X ingeloop maar sy rigting is verander deur Y.

2.2.1 Voltooi die tabel hieronder deur die letters op die kaart en die byskrifte in die blokkie te gebruik om sodoende die kenmerke van stroomroof te identifiseer.

Roofstroom Roofelmboog Geroofde stroom Droë poort (windsaal) Verarmde stroom


U	
V	
W	
X	
Y	

(5)

2.2.2 Gebruik 'n stippellyn en vul die waterskeiding vir die rivierstelsel by Z in op die sketskaart (Figuur 3). Sluit die nie-standhoudende sytakke in binne jou waterskeiding. (2)

2.3 Gebruik die spasie hieronder en teken 'n dwarsprofiel vanaf Werda (D3) na die treinstasie in Elgin (E6). Gebruik 'n vertikale skaal van 1 sentimeter stel 10 meter voor. Benoem die volgende op jou dwarsprofiel:

- Hoogte by die beginpunt
- Hoogte by die eindpunt
- Die dorpie Grabouw
- 'n Nywerheidsgebied
- Die Palmietrivier



(6)

IEB Copyright © 2024

2.4 Die Palmietrivier vloei uit die Eikenhofdam in C6 suidwaarts deur Grabouw deur blokke D6, D5 en E5.

Die foto hieronder was vanaf die brug op die R321, wat die Palmietrivier kruis aan die buitewyke van Grabouw (blok E5 op die topografiese kaart), geneem.

Foto 4



[Bron: Eksaminator se foto]

Figuur 4: Waterkwaliteit

Gesonde riviere voorsien goedere en dienste (watervoorsiening, afbreek van besoedelingsdeeltjies, bewaring, vloedbeheer, ontspanning en ruimte vir geestelike rituele) wat bydra tot die mens se welstand en ekonomiese groei. Wanneer mense riviere gebruik het dit 'n invloed op riviergesondheid.		
Riviergesondheidskategorieë		
Kategorie	**Ekologiese perspektief**	**Bestuursperspektief**
Natuurlik	Geen of onbeduidende veranderinge	Betreklik min impak deur mense
Goed	Biodiversiteit en integriteit grootliks ongeskonde	Effense versteuring deur menslike bedrywighede maar ekosisteme nog in 'n redelik goeie toestand
Billik	Sensitiewe spesies mag verdwyn met weerstandbiedende of opportunistiese spesies wat oorheers	Veelvoudige versteurings wat verband hou met die behoefte aan sosio-ekonomiese ontwikkeling
Swak	Meestal weerstandbiedende spesies; uitheemse spesie indringing; bevolkingsdinamika omvergewerp; spesies het dikwels siektes	Hoë bevolkingsdigtheid of uitgebreide oorbenutting en uitbuiting van hulpbronne

[Aangepas vanaf: <www.dws.gov.za>]

IEB Copyright © 2024

2.4.1 Identifiseer die tipe riviervloei wat gesien kan word op die foto.

_____

(1)

2.4.2 Daar is verskeie vorme van besoedeling in die Palmietrivier en volgens die tabel hierbo word dié rivier as 'Swak' gekategoriseer. Gebruik bewyse op die foto sowel as op die kaart om die bronne van besoedeling te beskryf.

Fotografiese bewyse van besoedeling:	
Bron van hierdie besoedeling:	
Bewyse op die kaart van die besoedelingsdeeltjies in E5:	
Tipe besoedeling wat veroorsaak word deur hierdie besoedelingsdeeltjies in E5:	
Bewyse van besoedelingsdeeltjies op die kaart in D6:	
Tipe besoedeling wat veroorsaak word deur die besoedelingsdeeltjies in D6:	

(6)
[25]

V2 subtotaal

IEB Copyright © 2024

VRAAG 3 NEDERSETTING

Gebruik die topografiese kaart om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 Voltooi die sinne hieronder deur die korrekte word / frase te omkring of te onderstreep.

3.1.1 Grabouw word geklassifiseer as 'n (***lae-orde dienssentrum / klein platteland-se dorpie / poortdorp***) volgens die stedelike hieragie.

3.1.2 Die funksie van Grabouw is (***'n sentrale plek / 'n handel- en vervoer-sentrum / gespesialiseerde dorp***).

3.1.3 Die buitelynvorm van Grabouw lyk die meeste soos 'n (***liniêre / ronde / ster***) vorm.

3.1.4 Die oorheersende straatpatroon in Pineview (E3) is (***beplan onreëlmatig / radiaal / ruitvormig***).

3.1.5 Grabouw lyk die meeste soos (***die veelkernmodel / konsentriese sirkel model / die apartheidstad***).

(5)

IEB Copyright © 2024

3.2 Verwys na beide die topografiese kaart en die lugfoto om die volgende vrae te beantwoord.

3.2.1 Pas die foto's, vanaf Property24 se webtuiste verkry, by die nommers op die lugfoto en identifiseer daarna die grondgebruiksone waarin elkeen hoort.

(a)



R680 000 Verbandkostes v

3 Slaapkamer huis te koop in Grabouw

Bekostigbare lewensstyl in die voorstad van Pineview

3 2 1 167 m² v

(b)



R2 200 000 Verbandkostes v

3 Slaapkamer huis te koop in Sentrale Grabouw

14 Mimosastraat, Grabouw Sentraal, Grabouw

3 2 4 2 288 m² v

(c)



R2 850 000 Verbandkostes v

Industriele eiendom te koop in Grabouw

1 Pinestraat, Grabouw

580 m²

(d)



R3 000 000 Verbandkostes v

Vakante erf te koop in Grabouw

Die plaas grens aan 'n woonbuurt

5.76 ha v

IEB Copyright © 2024

Property24 advertensies	Ligging op die lugfoto (1, 2, 3 or 4)	Grondgebruiksone (onderstreep of omkring jou antwoord)
3.2.1 (a)		Landelike-stedelike randgebied / Ligte industriële / Hoë-digtheid lae-inkomste residensiële / Lae-digtheid hoë-inkomste residensiële
3.2.1 (b)		Landelike-stedelike randgebied / Ligte industriële / Hoë-digtheid lae-inkomste residensiële / Lae-digtheid hoë-inkomste residensiële
3.2.1 (c)		Landelike-stedelike randgebied / Ligte industriële / Hoë-digtheid lae-inkomste residensiële / Lae-digtheid hoë-inkomste residensiële
3.2.1 (d)		Landelike-stedelike randgebied / Ligte industriële / Hoë-digtheid lae-inkomste residensiële / Lae-digtheid hoë-inkomste residensiële

(8)

3.2.2 Bereken die area rondom gebied 1 op die lugfoto. Druk jou antwoord uit in vierkante meter.

Antwoord: _____ m² (2)

Berekeninge:

3.3 Verwys na die foto's hieronder voordat jy die vrae wat daarop volg beantwoord.


Foto 5: Die Gerestoureerde Harris Bros. Gebou	**Foto 6: 'n Verlate gebou in die dorp**
	

Foto 7: Vullis wat langs die pad gestort is	**Foto 8: Informele behuising en 'n verskuifbare toilet**
	

[Eksaminator se foto's]

IEB Copyright © 2024

3.3.1 Pas foto's 5 tot 8 by die kenmerke van stedelike verval hieronder. Skryf die nommer van die foto (5, 6, 7 of 8) langs die korrekte kenmerk.

Kenmerke van stedelike verval:	**Foto nommer:**
Gebiede van lae-kwaliteit behuising met onhigiëniese toestande.	
Vakante of vervalle eiendomme. Besighede en winkels sluit omdat die drempelbevolking nie gehandhaaf word nie.	
Afname in die voorsiening van basiese dienste. Die fisiese omgewing gaan gebuk onder onooglike, oorgroeide areas wat nie onderhou word nie.	

(3)

3.3.2 (a) Verduidelik waarom die Harris Bros. gebou (foto 5) 'n voorbeeld van *fasadisme* is.

_____

(1)

(b) Hoe kan stedelike hernuwing in Grabouw plaasvind? Jy kan die Harris Bros. gebou of jou eie kennis gebruik om hierdie vraag te beantwoord.

_____

_____

(2)

IEB Copyright © 2024

3.4 Bestudeer die bron hieronder en beantwoord die vraag wat daarop volg.

Plan om 'n selfonderhoudende Khoisan-gemeenskap in Grabouw te vestig

- Knoflokskraal naby Grabouw wat vir die eerste keer beset is in November 2020, is die tuiste van duisende mense.
- In Knoflokskraal het die huishoudings groot erwe wat versprei is oor 1 800 hektaar. Meeste van die helderkleurige huise is informele strukture wat bestaan uit hout, sinkplate en ander materiale. Daar is geen elektrisiteit of lopende water nie.
- Die ingang na een van die areas in die nedersetting het 'n bord met 'Khoi-munity' daarop geskrywe.
- Hulle het nie ten doel om 'n informele nedersetting te skep nie maar wil 'n gemeenskap bou waar mense mekaar kan ophef. Baie van die inwoners van Knoflokskraal is afkomstig van gebiede op die Kaapse Vlaktes waar bendes, skietery en die misbruik van dwelms algemeen voorkom.
- Ons wil mense hier kry om hulle te leer hoe om te boer en self na hulle grond om te sien, sodat ons nie afhanklik van die regering sal wees nie. Ons wil hê hulle moet weet dat die Khoisan mense weet waarvandaan hulle kom.
- Die huise in Knoflokskraal is versprei oor drie plase wat aan die Departement van Openbare Werke (DPW) behoort, en wat bestuur word deur die Departement van Bosbou, Visserye en Omgewing (DFFE).
- Die departement is van plan om na die Hooggeregshof toe te gaan om 'n uitsettingsbevel teen die grondbesetters te kry.

[Bron: Aangepas vanaf <https://groundup.org.za/article/grabouw-occupiers-want-to-create-soverign-khoisan-community/>]

Gebruik die blokkies hieronder en omskryf TWEE moontlike voordele van 'n self-regerende Khoisan gemeenskap en TWEE moontlike nadele sou die proses voortgaan.

Besluitneming: Self-regerende Khoisan Gemeenskap	
Voordele:	**Nadele:**
1.	1.
2.	2.


(4)
[25]

V3 subtotaal

VRAAG 4 EKONOMIESE GEOGRAFIE EN GIS

Die sketskaart hieronder sal gebruik word vir die vrae wat volg. Die kaart is van Eikenhof-dam (C5 en C6 op die topografiese kaart) en omgewing.

Figuur 4: Sketskaart



4.1 Boerdery wat op die sketskaart gesien kan word is …

marktuin.	
kommersiële ekstensiewe boerdery.	
kommersiële intensiewe boerdery.	
bestaansboerdery.	

(1)

4.2 4.2.1 Vul die kaartlae in en teken die volgende in op die korrekte plekke op die sketskaart (Figuur 4 hierbo):

(a) Grabouw plantasie

(b) Die R321

(c) Punthoogte 604 (C3 op die topografiese kaart) (3)

IEB Copyright © 2024

4.2.2 Voltooi die tabel hieronder en bepaal die tipe vektordataformaat vir die items van die kaartlae. Omkring of onderstreep die korrekte antwoord:

Kanolaplaas	**Punt**	**Lyn**	**Veelhoek/ poligoon**	**Buffer**
Oewersone	**Punt**	**Lyn**	**Veelhoek/ poligoon**	**Buffer**
R321	**Punt**	**Lyn**	**Veelhoek/ poligoon**	**Buffer**
Punthoogte 604	**Punt**	**Lyn**	**Veelhoek/ poligoon**	**Buffer**

(4)

4.3 Grabouw het die afgelope paar jaar 'n aansienlike toename in die bevolking getoon.

4.3.1 Gee die term wat hierdie proses beskryf.

_____

(1)

4.3.2 Identifiseer TWEE faktore van die kaart af, wat ekonomiese aktiewe mense na Grabouw toe sal trek.

_____

_____

_____

_____

(4)

4.3.3 Ondersoek bewyse om te bepaal of Grabouw voldoende dienste lewer vir 'n groeiende bevolking.

_____

_____

_____

(3)

4.3.4 Verduidelik hoe jy data bevraagtekening sou gebruik om inligting oor die bevolkingstatistieke en die aantal dienste in Grabouw te bekom.

_____

_____

_____

(2)

IEB Copyright © 2024

4.4 Lees die artikel hieronder en beantwoord die vraag wat daarop volg.

The Festival of Yellow, ter viering van kanola
Laas opgedateer: Maandag, 14 Augustus 2023

CapeTownMagazine.com se Festival of Yellow, nou in sy derde agteropeenvolgende jaar, vier die kanola seisoen, wanneer kanola blom en die velde van goud die provinsie oortrek van Julie tot September.

Hierdie aanskoulike gesig skep soveel vreugde in die Wes-Kaap dat ons in 2021 besluit het om dit jaarliks te vier.

En om jou te vertel waarom hierdie 'n suksesverhaal is in die Wes-Kaap. Hoe het hierdie nywerheid begin? Southern Oil, 'n olie-prosesserder in Swellendam, het kanola as 'n gewas in 1993 aan boere bekendgestel met net 400 hektaar wat geplant was. Vandag is daar 94 307 hektaar beplant, hulle werk met meer as 500 plaaslike kanola produsente en het duisende werknemers dwarsoor die Wes-Kaap in diens – waarlik 'n storie waarop elke Suid-Afrikaner trots kan wees.

Kanola se blomtyd is van Julie tot die einde van September. Die weer speel 'n groot rol want as dit warmer en droër is, blom kanola vroeër en vir 'n korter tydperk. Hoe langer die blomtyd, hoe groter is die opbrengs. Indien jy dus kanola nog in volle blom teen die einde van September sien, dan weet jy dat dit 'n goeie jaar vir kanola is.

[Bron: <https://kaapstadmagazine.nl/events/the-festival-of-yellow-celebrating-the-canola-fields/>]

Gebruik die topografiese kaart, die klimaatgrafiek (bladsy 9, Figuur 2) en die artikel hierbo oor die Festival of Yellow om die tabel hieronder te voltooi.

Vervoernetwerke in die omgewing van Grabouw vir Festival of Yellow:	**1.**	**2.**
Voordele wat die Festival of Yellow vir Grabouw inhou:	**1.**	**2.**
Seisoen waartydens die velde blom:		
Temperatuur vereiste vir blom van kanola:		
Jaarlikse reënval benodig:		

(7)
[25]

V4 subtotaal

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2024

ADDISIONELE SPASIE (ALLE VRAE)

ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE ADDISIONELE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024